88100004

International Baccalaureate®
Baccalauréat International
Bachillerato Internacional

**AFRIKAANS A1 – STANDARD LEVEL – PAPER 2**
**AFRIKAANS A1 – NIVEAU MOYEN – ÉPREUVE 2**
**AFRIKÁANS A1 – NIVEL MEDIO – PRUEBA 2**

Monday 8 November 2010 (morning)
Lundi 8 novembre 2010 (matin)
Lunes 8 de noviembre de 2010 (mañana)

1 hour 30 minutes / 1 heure 30 minutes / 1 hora 30 minutos

---

INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Answer one essay question only. You must base your answer on at least two of the Part 3 works you have studied. You may include in your answer a discussion of a Part 2 work of the same genre if relevant. Answers which are not based on a discussion of at least two Part 3 works will not score high marks.
- You are not permitted to bring copies of the works you have studied into the examination room.

INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- N'ouvrez pas cette épreuve avant d'y être autorisé(e).
- Traitez un seul sujet de composition. Vous devez baser votre réponse sur au moins deux des œuvres de la 3e partie que vous avez étudiées. Le cas échéant, vous pouvez inclure dans votre réponse une discussion sur une œuvre du même genre littéraire étudiée dans la 2e partie du programme. Les réponses qui ne sont pas basées sur au moins deux des œuvres de la 3e partie n'obtiendront pas une note élevée.
- Vous n'êtes pas autorisé(e) à amener des exemplaires des œuvres que vous avez étudiées dans la salle d'examen.

INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Elija un tema de redacción. Su respuesta deberá basarse en al menos dos de las obras estudiadas en la Parte 3. Se podrán hacer comentarios sobre una obra de la Parte 2 del mismo género, si fuera necesario. Las respuestas que no incluyan una discusión sobre al menos dos obras de la Parte 3 no recibirán notas altas.
- No se permite traer a la sala de examen copias de las obras estudiadas.


© International Baccalaureate Organization 2010

https://xtremepape.rs/

*Skryf 'n opstel oor **een** van die volgende. Jy moet jou antwoord baseer op ten minste twee van die Deel 3 werke wat jy bestudeer het. Jy mag in jou antwoord 'n bespreking van 'n Deel 2 werke van dieselfde genre insluit indien relevant. Antwoorde wat **nie** gebaseer is op ten minste twee Deel 3 werke, sal **nie** hoë punte behaal **nie**.*

**Drama**

**1.** Sonder 'n stewige intrige wat karakters dramaties teenoor mekaar stel en tot onvermydelike konflik lei, kan 'n drama nooit werklik bevredig nie. Deur te verwys na gelese dramas verduidelik waarom 'n pakkende intrige van kardinale belang is vir die dramatiese ontplooing van die gebeure.

**2.** "In die ware tragedie staan die lot van die protagoniste nie in die sterre geskryf nie, maar is hul onvermydelike ondergang eerder te vinde in inherente karakterbreuke." Oorweeg die geldigheid van die stelling deur na ten minste twee gelese werke te verwys.

**Poësie**

**3.** Daar is al gesê dat verlange – in sy talle manifestasies – die onderliggende emosie in die meeste gedigte is. Deur na gelese gedigte te verwys, evalueer die stelling.

**4.** "Die metafoor, die vergelyking en die simbool lê alle goeie poësie ten grondslag." Bepaal die geldigheid van die stelling deur na die werk van ten minste twee digters te verwys.

**Roman**

**5.** "Die kulturele dampkring waarin roman-karakters leef, is een van die belangrikste bepalende faktore in die wyse waarop hulle op gebeure reageer." Deur na ten minste twee romans te verwys, evalueer die geldigheid van die stelling.

**6.** Die romansier bestryk 'n reuse-spektrum van temas: afskeid en verlies, die liefde, verraad, vervreemding, patriotisme, lewe en dood, en oorlewing – om slegs enkele bekende temas op te noem. Deur na ten minste twee gelese werke te verwys, bespreek die temas wat in dié romans aan die orde kom.



https://xtremepape.rs/

**Kortverhaal**

**7.** "Die goeie kortverhaalskrywer stel die ontknoping uit tot in in slotparagraaf of selfs die slotsin." Deur na die verhale van ten minste twee skrywers te verwys, vergelyk die wyse waarop die skrywers die kwessie van spanning hanteer.

**8.** "Kan 'n kortverhaal slaag sonder dat die hoofkarakter deur die gebeure aan 'n mate van innerlike wroeging of besinning onderwerp word? Ek dink nie so nie." Evalueer die stelling deur na die werke van ten minste twee kortverhaalskrywers te verwys.

**Algemeen**

**9.** "In die letterkunde is dit nie die ontginning van die idee van man-wees of vrou-wees wat my interesseer nie, maar eerder die konsep van menswees." Hoe verstaan jy die stelling? Reageer op die sentimente daaragter deur na gelese werke te verwys.

**10.** "Skrywers kan in hul werke vorentoe kyk, d.w.s profeties agter die horison kyk. Of skrywers mag op terugskouende, bepeinsende wyse skryf asof hulle probeer sin maak van die verlede." Het jy kennis gemaak met skrywers wie se werk as 'n toekomsblik of 'n terugblik beskryf kan word? Watter dinge in die toekoms of die verlede interesseer hulle genoeg om daaroor te skryf?

**11.** "In die letterkunde word elke moontlike menslike emosie verken: liefde en haat, hoop en wanhoop, wraak en vergiffenis, meerderwaardigheid en minderwaardigheid, verlange en saamwees, verdriet en vreugde, ens, ens. Emosie is die dryfkrag agter elke mens like handeling." Deur na gelese werke te verwys, demonstreer die rol van menslike emosies in die bepaling van gebeure en bestemmings.

**12.** Die magstryd tussen twee indiwidue is alte dikwels onderliggend aan die werk van skrywers. Deur na verskeie werke te verwys, besluit of jy met die stelling kan saamstem.

---



https://xtremepape.rs/